Afskrif ~~...~~.. van 40 afskrifte

Republiek van Suid-Afrika

MINISTER VAN BUITELANDSE SAKE EN INLIGTING

Hendrik Verwoerdgebou 1718
Kaapstad
8001
Tel 455848
MB 10/1/31 a

84021802k15 27 Februarie 1984

GEHEIM

Geagte Kollega

DRIELEDIGE KONFERENSIE TUSSEN SUID-AFRIKA, ANGOLA EN DIE VSA : LUSAKA : 16 FEBRUARIE 1984

Dokumentasie:

A. Suid-Afrikaanse Weermag voorstel vir die monitor van militêre bedrywighede in Suid-Angola.

B. Amerikaanse "Principles of Disengagement".

C. Brief gedateer 13 Februarie 1984 van Sy Edele die Eerste Minister aan President Kaunda.

D. "Mulungushi Minute on the establishment of a joint South African/Angolan Monitoring Commission : Lusaka : 14 February 1984."

E. Suid-Afrikaanse, Angolese en Amerikaanse afvaardigings aan die Drieledige Konferensie te Lusaka.

F. Openingsopmerkings deur Minister van Buitelandse Sake.

G. Aantekeninge oor openingsopmerkings van die Amerikaanse en Angolese afvaardigings.

H. Opening remarks of President Kaunda in plenary at Lusaka on 16 February 1984.

I. "First Meeting of the South African/Angolan Joint Monitoring Commission : Lusaka : 16 February 1984".

J. Samesprekings tussen Suid-Afrikaanse en Angolese Afvaardigings, Lusaka, 16 Februarie 1984.

— Bern .

NB Apart opleiv geplaas,

K. Gesamentlike Verklaring van Suid-Afrika, Angola en die VSA na afloop van die Drieledige Konferensie te Lusaka 16 Februarie 1984.

1. Soos in my brief van 13 Februarie 1984 vermeld, is daar ooreengekom dat drieledige samesprekings tussen Suid-Afrika, Angola en die VSA oor die daarstelling van 'n Gemeenskaplike Monitorkommissie op 13 Februarie 1984 in Lusaka gehou sou word.

2. 'n Afvaardiging bestaande uit mnr D W Steward van die Departement van Buitelandse Sake, Lt.-genl J Geldenhuys, Brig J Joubert, Brig C van Tonder en Brig M Knoetze van die SA Weermag het op 13 Februarie 1984 in Lusaka aangekom en het die volgende dag samesprekings met 'n Angolese en 'n Amerikaanse afvaardiging gevoer. Die lede van die Angolese afvaardiging was Lt.-kol Ngongo Monteiro, Adjunk Hoof van Staf en leier van die afvaardiging, Lt.-kol Silviano Sequiero, Bevelvoerder van die Angolese 5de Militêre Streek en Maj Jose Maria, die Veiligheidsraadgewer van Pres Dos Santos. Die Amerikaanse afvaardiging is gelei deur Ambassadeur Nick Platt, die Amerikaanse Ambassadeur in Lusaka, bygestaan deur mnr Bob Frazure van die Amerikaanse Ambassade, Londen, mnr Robert Cabelly, Spesiale Assistent van dr C Crocker en kol Dave Parker, Amerikaanse Militêre Attaché in Pretoria.

3. Die Amerikaanse afvaardiging het gedurende die aand van 13 Februarie 1984 afsonderlike gesprekke met die Suid-Afrikaanse en Angolese afvaardigings gevoer in 'n poging om punte van verskil te identifiseer en uit te skakel. Die oorspronklike Suid-Afrikaanse benadering het voorsiening gemaak vir 'n stelsel waarvolgens FAPLA noord van 'n bepaalde lyn in die betrokke gebied in Angola vir monitoroptredes verantwoordelik sou wees, terwyl die RSA/SWA magte die gebied suid daarvan sou monitor. Gesamentlike monitorspanne sou aan beide kante van bogenoemde lyn monitor soos opgedra deur die Gesamentlike Monitorkommissie. Soos ons voorsien het, het hierdie voorstel probleme vir die Amerikaners veroorsaak. Hulle het voorgestel dat Suid-Afrikaanse magte stap vir stap uit Angola moes onttrek en dat 'n finale datum van 29 Februarie gestel moes word vir die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte uit die betrokke gebied.

4. Om 08h20 die volgende oggend, 14 Februarie 1984, het die drie afvaardigings 'n hoflikheidsbesoek aan President Kaunda gebring wat sy beste wense aan hulle oorgedra het. Later het mnr Steward en genl Geldenhuys die aangehegte brief van Sy Edele die Eerste Minister gedateer aan President Kaunda oorhandig. Mnr Phiri, van die President se kantoor, het mnr Steward later meegedeel dat die President die brief as 'n positiewe stap beskou het.

5. Tydens die gesprekke by die Mulungushi-konferensie-sentrum op 14 Februarie 1984 is die Suid-Afrikaanse afvaardiging getref deur die tegemoetkomende houding van die Angolese en die feit dat hulle nie oorhaastig was met betrekking tot die bepaling van 'n finale datum vir Suid-Afrikaanse onttrekking nie. Genl Geldenhuys het derhalwe aangebied om die Suid-Afrikaanse eis om sy eie afsonderlike monitorspanne suid van 'n bepaalde lyn in die betrokke gebied te ontplooi, te laat vaar maar het daarna daarop aangedring dat die hele onttrekkingsproses eers na sestig dae voltooi sou word. Op 'n stadium het die Angolese geëis dat daar afsonderlike Suid- Afrikaanse en Angolese monitorkommissies moes wees en dat slegs die Angolese monitorspanne noord van die grens sou ontplooi. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het dit duidelik gestel dat alhoewel hy bereid was om buigsaam te wees oor die duur van die onttrekkings- tydperk, hierdie voorstel geheel en al onaanvaarbaar was. As gevolg van druk deur die Amerikaners het die Angolese hulle voorstel laat vaar en het al drie afvaardigings die aangehegte "Mulungushi Minute" aanvaar as die grondslag vir die voorgestelde monitorstelsel.

6. Ons sou die "Mulungushi Minute" duideliker bewoord wou hê maar dit was by my aankoms in Lusaka dadelik vir my duidelik dat die geringste poging tot wysiging of herformulering sou lei tot 'n aandrang vanaf Angolese kant om ook met die bewoording te peuter en om gedeeltes waarvan hulle nie gehou het nie gewysig te kry. Hulle het dit veral gehad teen punt 7 van die dokument wat die Amerikaners as waarnemers inbring in die Monitorkommissie. Dit was vir ons duidelik dat die leiers in Luanda, nadat hulle die dokument onder oë gehad het, ingesien het dat die Russe nie gaan hou van die posisie wat aan die Amerikaners toegeken is nie. In die gesamentlike verklaring wat ons op 16 Februarie 1984 uitgereik het, is die punt ietwat anders gestel

soos u sal opmerk. Origens bly die Mulungushi dokument 'n dokument wat albei lande aanvaar het en wat die volgende positiewe elemente bevat:

- Suid-Afrika sou nou 'n tydperk hê van 30 dae na die inwerkingstelling in situ van die kommissie om sy oorblywende magte uit Suid-Angola te onttrek;

- albei kante het aanvaar dat die VSA 'n rol in die kommissie kan speel;

- Angola het hulle onderneming herbevestig om eerstens SWAPO in die algemeen in toom te hou, terwyl die onttrekkingsproses voortgaan, en tweedens om geen SWAPO of Kubaanse teenwoordigheid in die gebied wat die Suid-Afrikaanse magte sou ontruim, toe te laat nie.

7. Paragraaf 9 van die "Mulungushi Minute" het aanvanklik bepaal dat die suksesvolle inwerkingstelling van die Gesamentlike Kommissie

> "... would be an important step in establishing conditions leading to the implementation of United Nations Security Council Resolution 435."

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het egter daarop aangedring dat die laaste reëls van die paragraaf soos volg gewysig moet word:

> "...would be an important step in establishing conditions leading to the peaceful resolution of the problems of the region including the question of the implementation of United Nations Security Council Resolution 435."

Hierdie formulering beteken dat ander probleme van die streek, hoofsaaklik die kwessie van die Kubaanse teenwoordigheid in Angola, ook aangespreek moet word. Die kwessie van implementering van Resolusie 435 word dan ook "een van die probleme van die streek" wat op 'n vreedsame wyse opgelos moet word sonder dat daar aangedui word dat die oplossing van hierdie "probleem" noodwendig en enkel deur die implementering van Resolusie 435 teweeg gebring moet word.

8. Die atmosfeer by die afsluitingsontmoeting van die monitorkommissievergadering was vriendelik en positief. Die Amerikaanse afvaardiging het die

aanvaarding van die "Mulungushi Minute" as 'n historiese deurbraak beskou en het beklemtoon dat die dokument "status" het. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het die indruk gekry dat die Angolese ernstig was om 'n skikking te bereik.

9. Die aanvaarding van die "Mulungushi Minute" het 'n positiewe klimaat geskep vir die drielede konferensie wat op 16 Februarie 1984 in Lusaka gehou is. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging (sien asseblief aanhangsel E) sou aanvanklik eers op die oggend van 16 Februarie 1984 in Lusaka aangekom het en sou dieselfde dag na die Republiek teruggekeer het. Op die laaste oomblik het President Kaunda die afvaardiging uitgenooi om 'n staatsbanket tesame met die ander afvaardigings op die aand van 15 Februarie 1984, by sy ampswoning, "State House" by te woon. Hy het ook 'n versoek aan Suid-Afrika gerig om nie publisiteit aan die konferensie te gee en om geen persmense met ons saam te neem nie ten spyte van die feit dat nuus oor die konferensie reeds op 14 Februarie begin uitlek het.

10. Voor die staatsbanket het ek, Sy Edele die Minister van Verdediging en die Administrateur-generaal van SWA vir ongeveer 1 uur en 10 minute 'n private gesprek met President Kaunda gevoer. Ons het begin deur die President te bedank vir die reëlings wat hy getref het om al die afvaardigings in Lusaka byeen te bring en vir sy pogings om vrede in daardie betrokke streek teweeg te bring. Ook het ek hom gevra om die sjokolade wat ons saamgebring het vir mev Kaunda, aan haar te besorg. Ek het ook melding gemaak dat die Suid-Afrikaanse Eerste Minister vir hom Appletiser en Kaapse druiwesap gestuur het, waarvoor hy my van harte bedank het.

11. Ek het die President 'n verslag gegee van die jongste gebeure en gemeld dat een of twee aspekte van die sogenaamde "Mulungushi Minute" van 14 Februarie 1984 aan my probleme besorg, maar dat ek goeie hoop het dat ons van die probleme sou kon uitstryk. Ek het gesê dat dit vir my wil voorkom of die monitor groepbesprekings van die vorige dag wel 'n positiewe resultaat bereik het met die opstel van die "Mulungushi Minute". In breë trekke stel die dokument my tevrede.

12. Ek het die President gewaarsku dat ongeveer 400 SWAPO-elemente in drie of vier afwaartse bewegings tot naby die grens van SWA gekom het. 'n Aantal het reeds

oorgesteek. Die van hulle wat gevang is, beweer dat hulle opdrag gekry het om suidwaarts te beweeg en SWA te infiltreer om geweld te pleeg. Ek het hom gewaarsku dat indien hulle sou voortgaan om geweld te pleeg en ons terug moet skiet, daar gevaar was dat ons dan weer die grense van Angola sou moes oorsteek en dat nuwe agtervolgingsaksies geloods sou moes word wat die delikate vredesinisiatief in die wiele mag ry. Die SWAPO's sou gestop moes word. Hulle moes aangesê word om terug te keer en moontlik kon 'n mens dié wat reeds in SWA is, aansê om by sekere punte wat oor die nuus bekend gemaak kon word aan te meld waar die "Joint Commission" hulle dan kon oorneem en terugneem na die gebied waar Angola gesê het hulle beperk sou word. Die President het hiermee saamgestem en gesê dat die Angolese regering hom beloof het dat hulle stappe sou doen om SWAPO optrede van hierdie aard te stuit en te verhoed. Die probleem was dat daar elemente was wat skynbaar nie beheerbaar was nie. Ek het ook teenoor die President gemeld dat ons onweerlegbare getuienis het dat daar SWAPO-bevelvoerders is wat deur 'n derde land, wat ek liewers nie wou noem nie, aangesê is om die Angolese regering se versekerings oor beheer van SWAPO doelbewus te verbreek in 'n poging om die hele inisiatief uitmekaar te laat spat. Die President het saamgestem dat daar sulke berigte bestaan en het die hoop uitgespreek dat iets dringend gedoen kan word omtrent hierdie elemente. Hy sou weer met Sam Nujoma hieroor praat. Ek het die volgende dag verneem van mnr Phiri dat die President inderdaad daardie aand 'n telefoongesprek met mnr Sam Nujoma in Londen gevoer het en hom gewaarsku het dat hierdie elemente van hom hokgeslaan sou moes word.

13. Ek het ook vir die President vertel dat ons in Angola graag samewerking sou wou bewerkstellig ten opsigte van die Ruacana hidro-elektriese skema ingevolge waarvan ook water by Calueque onttrek sou word vir gebruik in Owamboland. Die President het saamgestem dat hierdie 'n praktiese voordelige onderneming vir beide Namibiê en Angola behoort te wees.

14. Die President het dit duidelik gemaak dat, wat hom aanbetref, dit nou broodnodig geword het dat vrede in die streek tot stand hom - "Peace was our first priority." Later die aand toe hy 'n heildronk ingestel het op vrede en voorspoed vir suider Afrika het hy gesê dat sy vader vir hom 'n belangrike storie vertel het wat daarop neerkom dat hulle wat saam kos wat gesout was

geëet het, nooit meer mag baklei nie. Hy het toe gesê dat "julle almal hier vanaand het nou gesoute kos geëet en julle mag dus nie meer baklei nie". Hy het ons sukses toegewens met die besprekings wat die volgende dag in erns sou begin.

15. Ek het na die aandete mnr Roderiques, die leier van die Angolese afvaardiging, eenkant geroep en die hoofpunte van die agenda met hom kortliks bespreek. Wat die "Mulungushi Minute" aanbetref, was hy 'n bietjie huiwerig oor die verwysing na die rol van die Amerikaners (paragraaf 7). Hy het gevoel dit was "premature" om so 'n bepaling in te sit. Ek het gesê dat ek nie op die besondere bewoording sou aandring nie maar dat ons moontlik daaroor kan ooreenkom deur 'n herformulering. Dit was vir my duidelik dat die Angolese bekommerd was dat Rusland nie veel daarvan sou hou dat die VSA hoegenaamd 'n rol toegeken moet word in hierdie inisiatief nie. Origens het ek aan hom gesê dat ons die volgende dag oor die kwessie van Calueque en Ruacana sou wou praat en ook oor die ernstige probleem wat geskep word deur die suidwaartse beweging van SWAPO. Die Suid-Afrikaanse span het die aand later vergader om hierdie verwikkeling in oënskou te neem en ons het besluit dat ons sal poog om 'n ander formulering te vind wat tog na die Amerikaners verwys maar wat moontlik die teenkanting van die Angolese kan besweer.

16. Die verrigtinge het die volgende môre by die Mulungushi-konferensiesentrum - wat ook SADACC se hoofkwartier is - plaasgevind.

Die name van die afvaardigings word aangeheg.

Dr Kaunda het die konferensie geopen met 'n ernstige toespraak waarin Suid-Afrika slegs by implikasie gekritiseer is maar op 'n heel bedekte wyse en sonder dat enige van die Suid-Afrikaners aanstoot kon neem. Trouens, sy toespraak was 'n positiewe aanmoediging vir die verskillende partye om alles in die stryd te werp om vrede te bereik. Daarna het Angola, Suid-Afrika en die VSA kort inleidingstoesprake gelewer. (Sien asseblief aanhangsels F, G en H)

17. Na die amptelike opening van die verrigtinge het die afvaardigings verdaag na 'n afsonderlike vertrek wat aan elkeen toegeken is om oor allerlei sake te konfereer.

18. Die Gesamentelike Monitorgroep het kort hierna met hulle vergadering kon begin nadat ooreenstemming oor 'n formulering bereik is in verband met die verwysing na die VSA se rol in die Gesamentlike Kommissie. (sien asseblief aanhangsel I) Die Gesamentlike Monitorkommissie het onder andere die volgende besluit:

a) Die kommissie sal bygestaan word in die uitvoering van sy funksies deur gesamentlike monitorspanne, wat saamgestel sal word uit 'n gelyke aantal Suid-Afrikaanse en Angolese troepe en wat voorvalle of beweringe op enige plek in die betrokke gebied wat ontruim sou word sal ondersoek;

b) die "betrokke gebied" word beskryf as die gebied waaruit Suid-Afrikaanse magte onttrek gaan word en ooreenkoms is bereik oor die beskrywing van die gebied;

c) 'n vergadering tussen die Angolese en Suid-Afrikaanse bevelvoerders sal op 25 Februarie in Angolees-beheerde gebied plaasvind om reëlings te tref vir die verwydering van mynvelde tussen Techamutete en Cuvelai;

d) die beginsel is aanvaar dat Suid-Afrikaanse troepe nie noord van die kommissie hoofkwartier ontplooi mag word nie behalwe as deel van die gesamentlike monitorspanne nie;

e) 'n verdere vergadering van die Gesamentlike Monitorkommissie sal op 1 Maart 1984 op Cuvelai plaasvind. Alle Suid-Afrikaanse magte noord van Cuvelai sal voor 1 Maart 1984 onttrek word;

f) die derde, vierde, vyfde en sesde vergaderings van die kommissie sal onderskeidelik na die eerste, tweede en derde en vierde weke van Maart 1984 te Mupa, Evale, Ngiva en uiteindelik Oshikango gehou word. Suid-Afrikaanse magte sal tegelykertyd suid van die betrokke plekke beweeg totdat hulle na 30 dae geheel-en-al uit Angola sal onttrek het. Daarna sal die Gesamentlike Kommissie se hoofkwartier op Oshikango op die SWA/Angolese grens gesetel wees;

g) die Amerikaners sal slegs as waarnemers aan vergaderings van die Gesamentlike Kommissie begin

deelneem wanneer die kommissie se hoofkwartier op Oshikango begin funksioneer. Die Angolese sal geen Amerikaanse waarnemers op hulle grondgebied toelaat nie;

h) daar is besluit dat bykomstige vraagstukke, soos die bewaking van die Calueque-skema, later op versoek van die twee Regerings, ook deur die kommissie behartig sal kan word.

19. In 'n gesprek met dr Crocker het ek die kwessie van 'n ontmoeting tussen hom en dr Savimbi geopper. Genl Van der Westhuizen het dr Savimbi pas twee dae gelede gesien en dr Savimbi was erg besorg oor die verloop van sake. Hy sou gehoor het dat die Suid-Afrikaanse regering van mening was dat as daar gekies moes word tussen die belange van SWA en die belange van die RSA dan sou die RSA voorkeur gee aan die belange van die RSA. Ook het dr Savimbi verslae gekry as sou die Amerikaners op die punt staan om die MPLA-regering te erken en om UNITA 'n al hoe minder rol te laat speel. Ook het Mobutu van Zaïre 'n boodskap gestuur aan my om te vra wat ons besig was om aan te vang en of ons optrede nie Savimbi se posisie sal laat verswak nie. Ek het dr Crocker gevra om dr Savimbi so spoedig moontlik te ontmoet en om kategories en direk vir hom te sê waar die VSA teenoor UNITA staan en om in besonder vir dr Savimbi te sê wat die uitdrukking vervat in 'n brief wat ek van genl Haig ontvang het, beteken "that due weight will be given to UNITA in any settlement of the Angolan issue". Dr Crocker het uiteindelik ingestem om dr Savimbi op Saterdag, 18 Februarie 1984, vanaf ongeveer 16h00 in die geheim in Pretoria te ontmoet.

20. Na afhandeling van die formele opening en toesprake met die openingsamekoms op Donderdag 16 Februarie 1984 en die daaropvolgende goedkeuring van die samestelling van die Monitorkommissie is gereël vir 'n ontmoeting tussen die leiers van die Suid-Afrikaanse en Angolese afvaardigings. (sien asseblief aanhangsel J) In die loop van hierdie ontmoeting het ek die Angolese ingelig oor die onrusbarende inligting aangaande SWAPO se infiltrasieplanne. Mnr Rodriques het bevestig dat Angola die ooreenkoms onderskryf en dat hulle stappe sal doen "to have SWAPO recalled". As hulle nie vrywillig terugkom nie "they will have to be stopped".

21. Ek het die Angolese leiers ook kortliks ingelig oor die moontlike voordele vir Angola en Suidwes-Afrika van die heraktivering van die Ruacana, Gove, Calueque-skema.

22. Ietwat tot my verbasing het mnr Rodriques die moontlike ontmoeting tussen SWAPO en die Veelpartykongres geopper. Hy het daarna verwys as President Kaunda se voorstel en wou weet of 'n datum aan SWAPO vir 'n vergadering gegee kon word.

Ek het benadruk dat dit nie vir die Suid-Afrikaanse Regering is om enige besluit te neem nie. Dit is 'n aangeleentheid wat by die partye self berus en dit word vanuit SWA kant deur die Administrateur-generaal gekoördineer. Dit is net te verstane dat die Suid-Afrikaanse regering nie daarvan sal hou as daar met 'n voorstel gekom word om byvoorbeeld vir mnr Nujoma aan die hoof van 'n regering van nasionale eenheid te stel nie. Ons sou egter niks doen om die wil van die mense te dwarsboom nie. "This is not part of our plan but if they (the parties) can get together we will not stand in the way."

23. Na afloop van die samesprekings wat ek, genl Malan en dr Van Niekerk met President Kaunda op 15 Februarie gevoer het, is mnr Cleary van die Administrateur-generaal se kantoor opgedra om 'n opvolggesprek met Minister Phiri te voer oor die praktiese reëlings verbonde aan uitvoering van President Kaunda se aanbod om fasiliteite in Lusaka beskikbaar te stel vir 'n ontmoeting tussen die VPK-leiers en SWAPO nadat die staakvuur sigbare vrede bewerkstellig het. Gedurende hierdie gesprek het mnr Phiri onder meer belangstelling getoon in die samestelling en doelwitte van die VPK, die RSA gekritiseer omdat hy nie "leiding aan die partye van Namibië" voorsien het, soos die Verenigde Koninkryk aan die partye in Noord-Rhodesië voor onafhanklikheid gedoen het. Hy het na die gebreke van Resolusie 435 verwys deur onder meer in sterk taal te praat van die onwenslikheid van 'n verkiesing alvorens 'n grondwet opgestel word, en hom positief uitgelaat oor 'n poging deur al die Suidwes partye (met inbegrip van SWAPO) om 'n onafhanklikheidsgrondwet voor 'n verkiesing op te stel. Hy het weer eens, alhoewel in sy persoonlike hoedanigheid, bepleit dat die RSA leiding in hierdie verband moet voorsien. Oor die gedagte van 'n "Regering van Nasionale Eenheid" wat hy self aangevoer het, het hy UNIP beskryf as 'n koalisie van

alle toonaangewende belangegroepe in die Zambiese samelewing maar twyfel uitgespreek of die verskillende Suidwes partye nou reeds ryp is vir sulke omvattende koalisievorming. Hy het egter onmiddellik saamgestem dat daardie besluit aan die partye oorgelaat behoort te word. Mnr Phiri het 'n besonder pragmatiese houding gedurende hierdie gesprek ingeneem en, met verwysing na die probleme verbonde aan vervanging van Resolusie 435 met 'n ander weg na onafhanklikheid, aangedui dat, indien dit wenslik sou blyk te wees, daar met omsigtigheid te werk gegaan sal moet word.

24. Oor die algemeen is ek van mening dat Suid-Afrika tevrede kan wees met die uitslag van die Lusaka Konferensie. Nie alleenlik het ons daarin geslaag om 'n raamwerk vir 'n monitormeganisme te skep nie, maar ons het ook die geleentheid benut om ons kontakte met die Zambiese Regering te verstewig en ons standpunte oor SWAPO in ondubbelsinnige taal aan die Angolese oor te dra. Dit beteken egter nie dat ons 'n nuwe era betree het in die verhoudings tussen die state van suidelike Afrika nie. Soos duidelik blyk uit die aangehegte communique wat die drie afvaardigings na afloop van die konferensie uitgereik het, is daar nog ernstige onopgeloste probleme in ons streek wat aandag sal moet geniet. Wat ons wel kan sê is dat indien hierdie vredespoging nie slaag nie, Suid-Afrikaners nie die Regering kan blameer dat ons nie uit ons pad gegaan het om vrede te soek nie.

Met vriendelike groete

R F BOTHA

MI/F68/311/1/3

MONITOR VAN MILITêRE BEDRYWIGHEDE IN SUID-ANGOLA

Aanhangsel A : RSA Aanbod van Ontkoppeling

AGENDA

1. Die volgende agenda moet aan die Angolese voorgestel word :

   a. Die agtergrond van die onderhandelinge oor monitor.

   b. Die doel van die monitor aksie.

   c. Monitor meganismes, samestelling, plasing, funksies en prosedures.

   d. Tydsreëlings.

ONDERHANDELINGE

AGTERGROND

1. Die volgende drie punte uit die samesprekings by Fleur du Cap is van toepassing :

   a. Angola agreed to take the necessary steps to restrain SWAPO once it is apparent that the South African forces have withdrawn from Angola.

   b. Angola agreed that the reassertion of sovereignty over that area would be a gradual process. In particular, the Angolans agreed to take no steps during the first two weeks following January 31. They agreed further to consult fully with the US Government which would consult with the South African Government on steps which they wished to take.

   c. Furthermore the Angolans stated that no SWAPO or Cuban forces would be allowed into the area in question.

2. Die RSA aanbod van ontkoppeling (Aanh A) :

"Further to my letter of 22 November 1983, and with a view to facilitating the process of achieving a peaceful settlement of the South West Africa/Namibia issue, the Government of South Africa is prepared to begin a disengagement of forces which from time to time conduct military operations against SWAPO in Angola, on 31 January 1984, on the understanding that this gesture would be

reciprocated by the Angolan Government which would assure that its own forces, SWAPO and the Cubans would not exploit the resulting situation, in particular with regard to actions which might threaten the security of the inhabitants of SWA/Namibia.

3. Die SA Weermag aanvaar bg standpunte as die basis van die onderhandelinge oor ontkoppeling. Hy aanvaar ook dat dit die vertrekpunt van die Angolese militêre span is, en dat die Angolese weermag, die Kubane en SWAPO dienooreenkomstige optredes sal neem. ('n Kort oorsig oor SWAPO bedrywighede die afgelope week kan gegee word).

DOEL VAN MONITOR

4. Vir die MPLA Regering. Om te verseker dat die SA Magte uit die gebied onder bespreking onttrek en daaruit onttrek bly.

5. Vir die RSA Regering. Om te verseker dat :

a. SWAPO en die Kubane wat in die betrokke gebied is, daaruit onttrek en nie daarheen terugkeer nie.

b. Angolese optredes om sy administratiewe teenwoordigheid in sekere gebiede te hervestig volgens ooreenkoms verloop.

MONITOR MEGANISMES

6. Daar moet onderskei word tussen 'n hoë vlak beheer komitee en die laer vlak bedryf van monitor. Ten einde funksionering van die monitor aksie glad te laat verloop, moet daar egter eers bepaal word wat as 'n skending van die ooreenkoms beskou sal word. Dit kan insluit :

a. Die sametrekking van Angolese en Kubaanse magte en/of moderne en hoofuitrusting op die grense van die betrokke gebied.

b. Die oprigting van groot verdedigingswerke net buite en binne die gebied.

c. Voortgesette SWAPO teenwoordigheid en/of bedrywighede in die gebied. SWAPO moet Noord van die Namibi/ Menongue spoorlyn hervestig word.

d. Suidwaartse beweging van SWAPO groepe deur die gebied of deur SWAPO elemente wat nog binne die gebied is.

e. Ontplooiing van SWAPO en Kubaanse magte binne die gebied. Dieselfde geld vir FAPLA behalwe indien dit ooreenstemming met die ooreengekome prosedures plaasvind.

f. Voortgesette logistiese ondersteuning van SWAPO in die betrokke gebied, veral deur FAPLA en/of Kubaanse magte.

g. Voortgesette geïntegreerde optredes deur SWAPO en FAPLA, asook optredes deur SWAPO waarin hy as 'n plaas=vervanger vir FAPLA magte beskou kan word.

h. SWAPO optrede teen SWA vanuit Angola.

7. Joint Monitoring Committee (JMC)

a. Funksies

i. Bewerings van skendings wat aan die JMC gerap=porteer word, moet bevestig word.

ii. Indien enige party voel dat dit 'n ernstige skend=ing was, word die voorval aan prinsipale gerap=porteer, wat 'n besluit oor regstellingsoptrede sal neem.

iii. Die komitee moet die uitvoering van alle regstel=lingsoptredes monitor.

b. Samestelling. Lede van SA, FAPLA en VSA militêre magte.

c. Ontplooiing. Die JMC moet 'n permanente komitee wees wat deurlopend op 'n plek soos Calueque ontplooi. Elke verteenwoordigende land is vir sy eie verbindings verantwoordelik.

8. Bedryf van Monitor

a. Noord van 'n bepaalde lyn in die gebied, moet FAPLA vir die nodige monitoroptredes verantwoordelik wees, terwyl die RSA/SWA magte die gebied Suid daarvan moet monitor. Dit sluit die gebruik vanvliegtuie in.

b. Gesamentlike monitorspanne moet aan beide kante van die bg lyn monitor soos opgedra deur die JMC.

c. Logistiese voorsiening aan monitorspanne, of van elemente in gesamentlike monitorspanne is die verantwoordelikheid van die land wat hulle verteenworodig, tensy vooraf an=ders ooreengekom word.

d. Ontplooiing van monitorspanne, of van elemente van ge=samentlike monitorspanne is die verantwoordelikheid van die lande wat hulle verteenwoordig tensy vooraf anders ooreengekom word.

TYDSREëLINGS

9. Daar moet ooreengekom word op 'n datum, tyd en plek waar lede van monitorspanne moet rapporteer.